

# SAKELIGA GEBRUIKER- EN DONATEURSBELEID

## INHOUD

1	DEFINISIES .....	1
2	DOEL VAN BELEID .....	2
3	BELEID OOR PRIVAATHEID .....	2
	TREFWYDTE .....	2
	KATEGORIEË VAN INLIGTING WAT DEUR SAKELIGA INGESAMEL WORD .....	2
	INSAMELINGSMETODES .....	3
	NIE-OPENBAARMAKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING .....	3
	DATASEKERHEID-, INTEGRITEIT EN RETENSIE .....	4
	REGTE VAN 'N DATASUBJEK .....	4
	VERANDERINGE AAN DIE PRIVAATHEIDSBELEID .....	5
4	BELEID OOR DONASIES EN ALGEMENE GEBRUIK .....	5
	DONASIES .....	5
5	GESKILBESLEGTING .....	6
6	KONTAKBESONDERHEDE .....	6

## 1 DEFINISIES

“**Anonieme inligting**” beteken inligting wat nie direk of indirek geïdentifiseer kan word nie, en nie redelikerwys gebruik kan word om 'n individuele besoeker te identifiseer nie.

“**Datakontroleerder**” verwys na Sakeliga, wanneer dit alleen of in samewerking met ander, die doel van en maniere vir die verwerking van persoonlike inligting bepaal en data prosesseer soos in die Wet beoog.

“**Datasubjek**” beteken die persoon op wie persoonlike inligting betrekking het.

“**De-identifiseer**” met betrekking tot persoonlike inligting van 'n datasubjek, beteken om enige inligting uit te wis wat-

- (a) 'n datasubjek kan identifiseer;
- (b) geprosesseer of gemanipuleer kan word deur 'n redelik voorsienbare metode om 'n spesifieke datasubjek te identifiseer; of
- (c) deur 'n redelik voorsienbare metode gekoppel kan word aan ander inligting op 'n wyse dat 'n datasubjek geïdentifiseer kan word.

“**Dataverwerker(s)**” / “**Operateur**” beteken 'n persoon of entiteit wat persoonlike inligting namens Sakeliga verwerk.

“**Donateur**” beteken 'n persoon wat 'n skenking van welke aard ook al met monetêre waarde aan Sakeliga maak of wil maak.

“**Inligtingsbeampte**” beteken die uitvoerende hoof van Sakeliga.

“**IP-adres**” word geassosieer met die toegangspunt waardeur 'n datasubjek die internet betree en word tipies beheer deur u internetdiensverskaffer of 'n universiteit.

“**Persoon**” beteken 'n natuurlike persoon of regspersoon.

“**Persoonlike inligting**”: beteken “persoonlike inligting” soos in die Wet gedefinieer.

“**Sakeliga**” verwys na Sakeliga MSW (registrasienuommer: 2012/043725/08).

“**Toestemming**” beteken enige vrywillige, spesifieke en ingeligte uitdrukking van wil ingevolge waarvan toestemming gegee word vir die verwerking van persoonlike inligting;

“**Wet**” verwys na die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013.

## 2 DOEL VAN BELEID

2.1 Die doel van hierdie beleid is:

2.1.1 om Sakeliga se verbintenis tot die beveiliging van die privaatheid van donateurs, sosiale media-platform gebruikers, webwerfbesoekers en diensgebruikers te verseker.

2.1.2 Om verbintnisse en verhoudinge met donateurs te reguleer.

## 3 BELEID OOR PRIVAATHEID

### TREFWYDTE

3.1 Die dele van hierdie beleid wat met privaatheid en persoonlike inligting verband hou is van toepassing waar Sakeliga optree as 'n data-kontroleerder met betrekking tot die persoonlike inligting van datasubjekte, insluitend befonders, webwerfbesoekers en diensgebruikers.

3.2 Sakeliga se privaatheidsbeleid is in ooreenstemming met toepaslike wetgewing opgestel. In sommige gevalle word bykomende privaatheidsbepalings wat spesifiek op sekere platforms of praktyke van toepassing is, voorsien.

3.3 Die privaatheidskeuses wat 'n datasubjek op derdepartywebwerwe of -platforms uitoefen, word nie deur hierdie beleid gedek nie en Sakeliga het geen beheer daarvoor nie.

3.4 Sakeliga se webwerwe en programme kan skakels na ander webblaaie bevat wat nie deur Sakeliga besit of beheer word nie. Sakeliga is nie verantwoordelik is vir die privaatheidspraktyke van derdepartyplatforms nie.

### KATEGORIEË VAN INLIGTING WAT DEUR SAKELIGA INGESAMEL WORD

3.5 Sakeliga samel twee basiese tipes inligting in, naamlik **persoonlike inligting en anonieme inligting**, en persoonlike en anonieme inligting kan saam aangewend word vir prosesseringsdoeleindes om, *inter alia*, die ervaring van datasubjekte op Sakeliga-platforms te verbeter.

3.6 Spesifieke tipes inligting wat Sakeliga insamel sluit in maar is nie beperk tot:

3.6.1 **Registrasie-inligting**: Inligting wat 'n datasubjek aan Sakeliga voorsien wanneer 'n rekening geskep word, 'n vorm op Sakeliga se webblad ingevul word vir befondings- of ander doeleindes, ensovoorts. Dit sluit inligting in soos 'n datasubjek se voornaam, van, land van verblyf, geslag, datum van geboorte, e-posadres, gebruikersnaam, ID-nommer en wagwoord.

3.6.2 **Transaksie-inligting**: Inligting wat 'n datasubjek voorsien wanneer inligting aangevra word of 'n befondingstransaksie aangegaan word. Dit sluit inligting in soos 'n datasubjek se posadres, telefoonnommer, bestelling- en betalingsinligting, maar sluit onder geen omstandighede in die geval van kredietkaarttransaksies enige bankkaartinligting in nie.

- 3.6.3 **Analitiese inligting:** Inligting wat Sakeliga van 'n derde party (bv. van Google Analytics) verkry oor datasubjekte se gebruik van Sakeliga se platforms.
  - 3.6.4 **Inligting oor ligging:** Dit sluit inligting in oor ligging wat verskaf word deur 'n mobiele of ander toestel wat met een van Sakeliga se digitale platforms of programme kommunikeer (insluitend deur middel van baken-tegnologie), of wat verband hou met 'n datasubjek se IP-adres.
  - 3.6.5 **Aktiwiteitsinligting:** Inligting oor 'n datasubjek se gebruikspatrone- en aktiwiteite op Sakeliga se platforms wat ingesamel word deur onder andere “cookies” wat in sommige gevalle outomaties nodige inligting verkry van 'n datasubjek te toestel en in ander gevalle met toestemming van 'n datasubjek inligting van 'n datasubjek se toestel ontvang.
  - 3.6.6 **Datagebruik, besigtiging, tegniese en toestel-inligting:** Inligting wat verkry word wanneer 'n datasubjek Sakeliga se digitale platforms besoek, Sakeliga-programme op derdepartywebwerwe of -platforms gebruik, of e-posse wat Sakeliga stuur oopmaak. Hierdie inligting sluit in maar is nie beperk tot inligting oor 'n datasubjek se webblaaie, tipe toestel, unieke toestel-identifisering en IP- adres.
- 3.7 Deur Sakeliga se webblad en ander platforms te besoek stem 'n datasubjek in tot die insameling van die inligting hierin vermeld. In sommige gevalle waar wetgewing dit vereis word uitdruklike toestemming by 'n datasubjek verkry alvorens sekere tipes inligting ingesamel word.

## INSAMELINGSMETODES

- 3.8 Sakeliga samel inligting in wat 'n datasubjek direk of indirek verskaf wanneer Sakeliga se platforms (byvoorbeeld webblad) besoek word, inligting aangevra word, navrae gerig word, vorms ingevul word, datasubjekte inteken vir nuusbriewe of reageer op besoekersopnames of andersins met Sakeliga met behulp van een of meer toestelle in verbinding tree.
- 3.9 Sakeliga se platforms versamel inligting deur van 'n verskeidenheid tegnologiese oplossings gebruik te maak, soos “cookies”, ontledingstoestelle, Flash, pixels, en webbakens, insluitend wanneer 'n datasubjek Sakeliga se webwerf besoek.
- 3.10 'n Datasubjek gee toestemming dat Sakeliga inligting van ander betroubare bronne verkry om die inligting wat 'n datasubjek verskaf het, of wat Sakeliga outomaties ingesamel is, op te dateer of aan te vul, soos wanneer adresinligting met behulp van derdepartydiens te bekragtig word.

## NIE-OPENBAARMAKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

- 3.11 Behoudens die bepalings van hierdie beleid, sal Sakeliga nie 'n datasubjek se persoonlike inligting met enige derde party deel nie.
- 3.12 Wanneer ondernemings namens Sakeliga dienste verrig (byvoorbeeld bemerking en advertering) word sodanige diensverskaffers wel met datasubjekte se persoonlike inligting voorsien maar verbied om die persoonlike inligting te gebruik vir ander doeleindes as wat deur Sakeliga versoek is en deur die Wet toegelaat word. Deur aan enige Sakeliga platform deel te neem of enige vorm in te vul wat deur Sakeliga voorsien word, stem 'n datasubjek toe tot die deel van sy of haar persoonlike inligting met derdepartydiensverskaffers ten einde Sakeliga in staat te stel om sy funksies effektief te kan verrig.
- 3.13 Sakeliga mag voorts 'n datasubjek se persoonlike inligting met enige derde partye deel waar 'n datasubjek uitdruklik daartoe ingestem het.
- 3.14 Sakeliga kan outomaties 'n datasubjek se persoonlike inligting met derde partye deel:
  - 3.14.1 om gebruiksvoorwaardes of reëls af te dwing;
  - 3.14.2 wanneer dit noodsaaklik is om die veiligheid en sekerheid van 'n ander besoeker of derde partye te verseker;

- 3.14.3 wanneer dit noodsaaklik is om Sakeliga se regte en eiendom en die regte en eiendom van besoekers en derde partye te beskerm;
  - 3.14.4 wanneer dit noodsaaklik is om te voldoen aan die regsproses; of
  - 3.14.5 in ander gevalle wanneer openbaarmaking na goeddunke van die Inligtingsbeampte deur die Wet vereis word.
- 3.15 Sakeliga se webwerwe en toepassings kan boodskapborde, gespreksbladsye, blogs, sosiale gemeenskapsomgewings, profielbladsye en ander forums bied wat nie 'n beperkte gehoor het nie. Indien 'n datasubjek persoonlike inligting verskaf wanneer enige dergelike platforms gebruik word, kan daardie persoonlike inligting openbaar gemaak word sonder beperking op die gebruik daarvan soos ingestel deur Sakeliga.

## **DATASEKERHEID-, INTEGRITEIT EN RETENSIE**

### **SEKERHEID EN INTEGRITEIT VAN DATA**

- 3.16 Sakeliga het tegniese, administratiewe en fisieke veiligheidsmaatreëls geïmplementeer wat ontwerp is om persoonlike inligting teen ongemagtigde toegang, openbaarmaking, gebruik en wysiging te beskerm.
- 3.17 Sakeliga hersien gereeld sekerheidsprosedures om toepaslike nuwe tegnologie en metodes te oorweeg.
- 3.18 Sakeliga bied geen waarborg dat enige sekerheidsmaatreëls ondeurdringbaar of onfeilbaar is nie, en word gevrywaar van aanspreeklikheid vir enige skade wat moontlik gely mag word deur 'n onvoorsiene lek van inligting deur 'n ongemagtigde party.

### **RETENSIE EN UITWISSING**

- 3.19 Sakeliga is by magte om enige persoonlike inligting wat kragtens hierdie beleid verkry word te stoor en te behou vir 'n tydperk van ten minste ses jaar ná 'n datasubjek se laaste elektroniese of telefoniese kommunikasie met Sakeliga, insluitend 'n laaste donasie aan Sakeliga, wat ookal laaste gebeur.
- 3.20 Sakeliga is voorts gemagtig om 'n datasubjek se persoonlike inligting vir 'n langer tydperk te behou as wat hierbo bepaal word, mits sodanige behoud vir historiese-, statistieke of navorsingsdoeleindes is.
- 3.21 Indien 'n tydperk van ses jaar waarna hierbo verwys word verstryk het en 'n rekord van persoonlike inligting nie vir historiese-, statistieke of navorsingsdoeleindes behou word nie, sal Sakeliga die tersaaklike rekord uitwis of de-identifiseer soos deur die Wet vereis word.

### **REGTE VAN 'N DATASUBJEK**

- 3.22 Die regte van 'n datasubjek kragtens die beleid stem ooreen met die regte wat aan datasubjekte verleen word in die Wet. 'n Datasubjek het, behoudens die omvang daarvan soos in die Wet bepaal, in besonder die reg:
  - 3.22.1 om toegang tot eie persoonlike inligting te verkry;
  - 3.22.2 op regstelling van eie persoonlike inligting;
  - 3.22.3 om verwerking van eie persoonlike inligting te laat beperk;
  - 3.22.4 om beswaar te maak teen verwerking van eie persoonlike inligting;
  - 3.22.5 op data-oordraagbaarheid;
  - 3.22.6 om by 'n toesighoudende owerheid te kla; en
  - 3.22.7 om toestemmings soos in die Wet vereis en wat voorheen kragtens die Wet en/of hierdie of 'n ander beleid van Sakeliga verleen is, te onttrek.

- 3.23 'n Datasubjek kan sy of haar regte kragtens die beleid uitoefen deur 'n versoek aan [diens@sakeliga.co.za](mailto:diens@sakeliga.co.za) te stuur, welke versoek binne 'n redelike tyd beantwoord sal word maar op die laaste binne drie werksdae.

## VERANDERINGE AAN DIE PRIVAATHEIDSBELEID

- 3.24 Hierdie privaatheidsbeleid kan van tyd-tot-tyd gewysig word. Sonder dat dit afbreuk doen aan die algemene plig van 'n datasubjek om op hoogte van veranderinge aan hierdie beleid te bly, sal Sakeliga datasubjekte sover prakties doenbaar inlig van wysigings aan die beleid.

## 4 BELEID OOR DONASIES EN ALGEMENE GEBRUIK

### DONASIES

- 4.1 Wanneer 'n donateur 'n donasie aan Sakeliga maak, stem die donateur in tot Sakeliga se bepalings en voorwaardes en privaatheidsbepalings soos uiteengesit in hierdie beleid.
- 4.2 Donasies word ter bevordering van Sakeliga se verklaarde oogmerke aangewend en finansiële bestuur word kragtens Sakeliga se akte van oprigting uitgeoefen. Met die uitsondering van befondingsooreenkomste wat uitdruklik anders bepaal, is geen donateur by magte om voor te skryf vir watter spesifieke oogmerk van Sakeliga sy of haar donasie aangewend moet word nie.
- 4.3 Sakeliga is nie in beheer van derdeparty betalingspoorte (soos Payfast) deur middel waarvan donateurs donasies aan Sakeliga maak nie, en aanvaar geen verantwoordelikheid vir die veiligheid of privaatheid van transaksies op derdepartyplatforms nie.
- 4.4 Donasies aan Sakeliga geskied op die grondslag van *pro deo* en nie *quid pro quo* nie.
- 4.5 'n Persoon wat na gelang van welke metode of ooreenkoms ook al 'n donasie aan Sakeliga maak, word nie *ipso facto* 'n lid van Sakeliga nie. Geen persoon is outomaties geregtig op enige kategorie van lidmaatskap nie.

### DONASIES INTER VIVOS

- 4.6 'n Persoon, insluitend 'n regspersoon, kan op die volgende wyses 'n aanbod maak om 'n donasie aan Sakeliga te maak:
- 4.6.1 Deur die nodige elektroniese vorms op Sakeliga se webblad te voltooi;
- 4.6.2 Deur in te teken as 'n befondser op Sakeliga se webblad na aanleiding van keuse ten opsigte van maandelikse of jaarlikse befondsing teen 'n spesifieke bedrag;
- 4.6.3 Deur aan te bied om 'n befondingsvennootskap met Sakeliga aan te gaan; en
- 4.6.4 Deur mondelings aan 'n verteenwoordiger van Sakeliga of skriftelik by wyse van Sakeliga se e-posadres of 'n adres van 'n Sakeliga-verteenwoordiger aan te bied om 'n bedrag, hetsy eenmalig of herhalend van aard, aan Sakeliga te skenk.
- 4.7 In die geval van 'n aanbod deur middel van invul van elektroniese vorms op Sakeliga se webblad word die aanbod deur Sakeliga aanvaar deurdat 'n betaling geskied via 'n betalingspoort daarvoor genomineer op Sakeliga se webblad, met voorbehoud dat Sakeliga die aanbod binne vyf werksdae na ontvangs van die bedrag kan weier deur 'n bewys aan die voornemende donateur te lewer dat die volle bedrag (minus enige toepaslike platformfooie) aan die voornemende donateur terugbetaal is
- 4.8 In die geval van 'n aanbod deur middel van intekening as 'n befondser op Sakeliga se webblad, word die aanbod aanvaar deurdat die vorm suksesvol voltooi en gestuur word met voorbehoud dat Sakeliga binne vyf werksdae aan die voornemende donateur kennisgewing kan gee dat die aanbod geweier word.

- 4.9 In die geval van 'n aanbod om 'n befondsingsvennootskap met Sakeliga aan te gaan of in die geval van 'n aanbod om befondsing wat andersins mondelings of skriftelik aan Sakeliga of 'n verteenwoordiger van Sakeliga bekend gemaak word, word die aanbod aanvaar deurdat 'n gemagtigde verteenwoordiger van Sakeliga die aanbod mondelings of skriftelik aanvaar.

## BEËINDIGING VAN DONASIEVERPLIGTINGE

- 4.10 Behoudens die bepalings in hierdie paragraaf is 'n donasieaanbod wat deur Sakeliga aanvaar word, nie herroepbaar of kanselleerbaar nie.
- 4.10.1 In die geval van 'n donasieaanbod vir 'n reeks betalings oor 'n vasgestelde tydperk, wat aanvaar is, (byvoorbeeld vir 'n bedrag elke jaar oor 'n tydperk van vyf jaar) moet die reeks betalings voltooi word.
- 4.10.2 Maand-tot-maand of jaar-tot-jaar verpligtinge kan met kennisgewing van ten minste vyf-en-twintig (25) dae voor die volgende geskeduleerde betaling, beëindig word deurdat 'n e-pos met 'n ondubbelsinnige versoek vir beëindiging vergesel met die donateur se ID-nommer aan [diens@sakeliga.co.za](mailto:diens@sakeliga.co.za) gerig word.
- 4.10.3 Maand-tot-maand of jaar-tot-jaar verpligtinge by wyse van kredietkaartbetaling kan summier aanlyn beëindig word deur die toepaslike prosedure van die betalingsdiensverkaffer (byvoorbeeld PayFast) te volg.
- 4.11 Na gelang van die betalingsopsie en betalingsfrekwensie wat gekies word wanneer 'n aanbod vir donasie gemaak word, sal donasiegelde maandeliks of jaarliks verhaal word deur middel van debietorder of herhalende kredietkaartbetalings. In ander gevalle mag dit nodig wees vir 'n donateur om elektronieseoordragbetalings handmatig te doen. Die verantwoordelikheid rus by 'n donateur om te verseker dat voldoende fondse beskikbaar is vir enige gegewe transaksie om suksesvol voltooi te word.

## 5 GESKILBESLEGTING

### *DOMICILIUM CITANDI ET EXECUTANDI*

- 5.1 Sakeliga se gekose *domicilium citandi et executandi* is Gebou A, 5de Vloer, Loftus Park, 416 Kirknessweg, Arcadia, Pretoria, 0007.
- 5.2 Enige geskille ten opsigte van aangeleenthede wat deur hierdie beleid en verbandhoudende wetgewing gereguleer word, ontstaan vir jurisdiksionele doeleindes by Sakeliga se gekose *domicilium citandi et executandi*.

## 6 KONTAKBESONDERHEDE

ALGEMENE KONTAKBESONDERHEDE	
Fisiese Adres	Gebou A, 5de Vloer, Loftus Park, 416 Kirknessweg, Arcadia, Pretoria, 0007.
Posadres	Postnet Suite 091, Privaat sak X1, Menlo Park, Gauteng, 0102
Webblad	<a href="https://sakeliga.co.za/kontak-ons/">https://sakeliga.co.za/kontak-ons/</a>
Telefoon	012 880 1951
E-posadres	<a href="mailto:diens@sakeliga.co.za">diens@sakeliga.co.za</a>

BESONDERHEDE VAN INLIGTINGSBEAMPTE	
Naam en van	PJ le Roux
E-posadres	<a href="mailto:ceo@sakeliga.co.za">ceo@sakeliga.co.za</a>
Telefoon	012 880 1951